NOORDELIKE SINODE NUUSBRIEF verskil

Ek wil asb **inteken op Verskil** / **Kanselleer asb my intekening** op Verskil

- **Webblad:** http://www.noordsin.co.za
- **Facebook**: https://www.facebook.com/noordsin/
- **Kampterreine:**
  - **Badseloop**: *Vir besprekings skakel:* ***062-6561521****, of stuur 'n epos na: badseloopjeugkamp@gmail.com*
  - **Emmarentia Geldenhuys (AcaDeo)**: *nuwe webwerf:* www.egst.co.za
  - **Magaliesberg:** *Besprekings word nou hanteer deur: Anvie Ventures, info@anvieventures.co.za, 044 696 6585*
  - *Facebook by https://www.facebook.com/magaliesbergjeugkamp/*

2 Augustus 2019
Nr 23/2019

Warm nuus

Taakspan Ekonomie: Verslag & preeksketse

Cobus van Wyngaard (taakspanleier) skryf die volgende: "By herhaling moes ons in gesprekke van die 2018/19 Taakspan Ekonomie mekaar in die oë kyk en beklemtoon dat die gesprek oor die ekonomie ook 'n gesprek is wat op die grond, in gemeentes en plaaslike gemeenskappe, moet plaasvind. Johan Pieters het ons heel aan die begin van ons proses herinner dat die ekonomie veronderstel is om ter wille van gemeenskappe te bestaan, maar dat ons moderne wêreld hierdie verhouding omgedraai het, sodat daar maklik gedink word dat gemeenskappe bestaan ter wille van die ekonomie.

Ons hoop dus dat die kort (3-4 bladsye) **verslag** waarin ons opmerkings maak oor wat ons hoor in die NG Kerk, Bybel, en ekumeniese gedagtes rondom die ekonomie gesprek kan stimuleer. Lees dit gerus, en neem vrymoedigheid om enige gedagtes of terugvoer my te stuur by cobus.w@gmail.com.

➢ **Lees die verslag hier:** http://noordsin.ngkerk.net/2019/07/31/taakspan-ekonomie-verslag-en-preeksketse/

Een wyse waarop ons gemeentes probeer help is deur 'n stel **preeksketse** wat uit die werk van die taakspan ontwikkel het. Eben Scheffler, voorheen van Unisa, het hierin 'n uitsonderlike rol gespeel. Die kort gedagtes oor Bybeltekste uit Lukas, en oor wat ons daarin kan hoor in ons tyd, sou 'n enkele, of 'n reeks, preke kon vorm, of dalk inhoud gee vir 'n Bybelstudie geleentheid. Eben kan ook gekontak word om deel te neem aan so 'n geleentheid in 'n gemeente: schefeh@gmail.com.

➢ **Kliek hier vir die preeksketse:** http://noordsin.ngkerk.net/2019/07/31/taakspan-ekonomie-verslag-en-preeksketse/

Sinodenuus

Bybellees met 'n verskil

Die volgende **byeenkoms** vind om 11:00 by **Blue Crane Restaurant** plaas:
6 Augustus: Skriflesing: Lukas 12:22-48
Navrae: Fanie Cronje (083 415 1452) en Kobus Myburgh (083 227 7185)

Taakspan Jeug: DinkJeugNoord Gespreksgeleentheid

- **Tema:** Tweak +
- **Plek**: AcaDeo (Bela-Bela)
- **Datum:** ***2 September 2019***

❖ **Excelsus kursusse: 3de Kwartaal -** [Lees die jaarprogram vir die 3de kwartaal **hier]**

Augustus

1–2 Augustus

Opleiding van Begeleiers van 'n Bedieningsdiagnose in Gemeentes - *Werkswinkel 2:*

- **VBO-punte:** 10
- **Inskrywingsvorm**: Kliek hier – sperdatum *26 Julie*
- **Inligtingsbrosjure**: Kliek hier

13–14 Augustus

Herontdek die Bybel se missionale stem - Module 2: *Die nuwe Testament se missionale stem*

- 25 VBO-punte

21 Augustus

Sweef soos 'n arend. *Inleiding tot Spirituele wysheid/intelligensie*

- 6 VBO-punte

❖ **Lentekonferensie: Afslag vir vroeë inskrywings**

Die jaarlikse **Lentekonferensie** word van ***17-19 September 2019*** gehou met die tema: ***Hoe ons onthou, hoe ons vergeet. Om verbeeldingryk te leef.***

Die inskrywingsfooi beloop R1 180-00 per persoon (R990-00 indien jou inskrywing en kursusfooi vóór ***12 Augustus*** ontvang word). Emeriti en studente betaal slegs R650-00.

LW vanjaar word die **brosjure**, soos verlede jaar, nie per landpos aan predikante gestuur nie, maar *slegs elektronies*.

- Besoek asseblief **Excelsus se webblad** by http://www.excelsus.org.za/
- Die **brosjure** met die program is beskikbaar by http://noordsin.ngkerk.net/kursusse-en-byeenkomste/

Inskrywings kan ook elektronies vanaf die webblad gedoen word by http://noordsin.ngkerk.net/kursusse-en-byeenkomste/.

Kolleganuus

❖ **Ons innige simpatie**

- **Piet Smit (emeritus)** vroeër van Pietersburg is op die ouderdom van 89 jaar oorlede. Sy troosdiens is DV op Vrydag *2 Augustus* om 14:30 by Warmbad-Wes waar hy sedert 1996 lidmaat was.
- **Neels Els (emeritus)** vroeër van Onderstepoort se eggenote, **Annebet** is oorlede. Haar troosdiens word DV op Dinsdag, *6 Augustus* om 10:00 deur Paul Grobler (haar broer) by Onderstepoort gehou.
- **Ollie Olwagen** [vroeër van Florandia] is na 'n lang stryd met MS oorlede.

❖ **Bevestigings**

Ons verwelkom die volgende predikante wat in die afgelope tyd bevestig is:

Petro Jonker
Rietfontein-Suid.

Ryno Hurn
Valhalla
Getroud met ***Marieta***
Pa van 'n seun.

Lourens van Deventer
Raslouw
getroud met ***Anja***.

Madelein Strydom
Hulp en Hoop
Verloof aan ***Adriaan Bakker***.

Christiaan Ackermann
Eldoraigne
Getroud met ***Lieze***
Pa van 3.

❖ **Verjaarsdagwense:** *Hartlik geluk aan die volgende persone:*

04/08 Pieter van Deventer [Emeritus, 082 974 0564, evd@polka.co.za]
05/08 Nico van der Westhuizen [Emeritus, 083 265 0800, nico7vdwest@gmail.com]
08/08 Johan Pienaar [Emeritus, 083 376 1860, pienaarjf@telkomsa.net]
09/08 Jan Botha [Mootvallei, 076 481 5683, janbotha1102@gmail.com]
10/08 Francois Smit [Pretoria, 082 348 0699, francosmit@mac.com]

****

06/08 Gerda Strauss [Rustenburg-Proteapark, 014 533 2083, d.strauss@mweb.co.za]
10/08 Harriet Avenant [The Reeds, 012-661 9048, jcaven@netactive.co.za]

Gemeentenuus

- **Verjaarsdae:** *Baie geluk!*
  Wierdapark-Suid [Gestig 04/08/1982]
  Masvingo [Gestig 08/08/1936]
  Derdepoort [Gestig 10/08/1946]

- **Dalunie: Toewydingstyd**
  Datums: Sondag ***21 Julie*** tot ***15 September***.
  Die **oorhoofse tema** is: *Christus – My hele lewe*.
  Die **weeklikse temas** wat deur die kleingroepe behandel word is: *Roeping; Wedergeboorte; Geloof; Bekering; Regverdigmaking; Heiligmaking; Volharding en Verheerliking*.
  Navrae: Nellie Smit (kerkkantoor@daluniegemeente.co.za]

- **Universiteitsoord: Orrel- en sanguitvoering**
  Op ***3 Augustus 2019*** om 15:00 vind daar 'n konsert by NG Universiteitsoord in Pretoria plaas ter viering van **Cantare Jubiloso koor** se 5de verjaarsdag.
  Kaartjies is beskikbaar teen R150,00pp: **Kontak** Lanie Coetzer via telefoon (082 940 9001), whatsapp of e-pos (mmcoetzer@mweb.co.za) om dit te bestel.

- **Brits**
  Aarbeifees
  Datum: ***30 & 31 Augustus***
  Bespreek: 012-252 1160 / ngbrits@mweb.co.za.

- **Nylstroom-Oos: Lentefees**
  Dié gemeente hou op Saterdag ***7 September*** lentefees! Kom geniet die dag saam met hulle. Open 07:30. Baie te koop, tee et en te sien. Vleis en biltong teen goeie pryse. Vermaak vir oud en jonk.
  Navrae: 014-717 3279

- **Pretoria: Basaar**
  Pretoria gemeente hou basaar by *Harmonie Bedieningspunt* op Saterdag ***7 September***.
  Die basaar begin 09:00 tot 12:00.
  Kom ondersteun en geniet 'n lekker kuier oggend met heerlike basaarkos.

- **Capital Park-Concordia** – **Dit is weer tyd vir bazaar!** 🎉
  Datum : ***14 September***
  Tyd: vanaf 07h30
  Plek: NG Gemeente Capital Park-Concordia kerkgronde ⛪
  Ons beoog om heerlike eetgoed soos poeding 🍮, koeke 🍰, worsbroodjies, kerrie en rys 🍛, pannekoek, mielies🌽, en vars groente en vrugte te verkoop 🍏.
  Daar gaan ook tee en koffie ☕ asook koeldrank verkoop word, en ons bied ook ń naaldwerktafel en wit olifant 🐘tafel aan.
  Die kinders kan heerlike speletjies geniet, en die jongmense kan hul skyfskiet en kettieskiet vernuf kom toets.
  U is welkom om U eie stalletjie te kom opslaan teen R100, ons sal ń tafel en twee stoele voorsien (ongelukkig geen kosstalletjies nie).
  Kom geniet dit saam met ons. Ons sien uit om U elkeen daar te sien! 👣🚶👪👪👪

Ander nuus

❖ Kursus om as spirituele begeleier opgelei te word

Die kursus word in 7 blokke van 3 dae aangebied oor 'n tydperk van 15 maande. Die klem lê op ervaring en inoefening. Meestal by Stellastraatgemeente van die NG Kerk in Brooklyn, Pretoria, en gedeeltelik by Origins retreatsentrum naby Rustenburg.
Dit val onder toesig van die NG Ring van Suidoos-Pretoria en is ook met Excelsus van die NG Kerk gekoppel. Predikante kan 150 VBO-punte verdien. Daar is sewe aanbieders betrokke. Volgende jaar se kursus sal die elfde een wees.
Aansoeke sluit *30 September 2019* en die **kursus begin op** ***17 Februarie 2020***.
Volledige inligting te kry by http://sentrumvirspiritualiteit.co.za/kursus-in-begeleiding/.
Navrae by Willem Nicol 083 966 7831.

❖ 2019 VBO-Lenteweek in die Vrystaat

Die **Vrystaatse 2019 VBO Lenteweek** vind vanjaar van ***1-4 September*** plaas. Hier is die besonderhede.

❖ SAKOV en VONKK 2019: Uitnodiging

Gerig aan: Aller leraars, orreliste, musiekleiers, aanbiddingsleiers, koorleiers en enige ander belangstellendes
Datum: Saterdag, ***14 September***
Tyd: Registrasie 07:45 – afsluiting 15:45
Plek: Endlersaal by die Konservatorium vir Musiek, Universiteit van Stellenbosch en ook by ander kerkgeboue op Stellenbosch.
Inskrywings: Sluitingsdatum vir inskrywings is *15 Augustus*. [Leraars van die NG Kerk en NH Kerk wat die geleentheid bywoon, sal vir **8 VBOpunte** kwalifiseer]
Navrae: Kontak Pieter van den Berg van VONKK by 071 041 3954
Die SAKOV en VONKK-byeenkoms se program sluit onder meer die volgende in… [Lees hier verder…]

❖ Nuwe gemeenteprojek van Argief

Andrew Kok, bestuurder van die Argief, skryf soos volg: "*Die NG Kerk Argief het met 'n projek begin waar die geskiedenis van die NG Kerk, sy gemeentes en predikante opgeteken word. Hierdie inligting word aangeteken op 'n webblad waar dit vir die breë publiek beskikbaar gestel word*".
Daar is by elke gemeente 'n stigtingsdatum, foto van die kerkgebou, 'n kort gemeentegeskiedenis (wat insluit enige dogtergemeentes en predikante wat daar bedien het) asook biografieë van predikante wat in diens van die kerk was.

- Lees hier verder, asook hoe jy kan help om die databasis so volledig moontlik te maak.
- Stuur asb. enige aanbevelings en regstellings na hierdie adres.

❖ Nuusbriewe

Bybel-Media:

- **Nuusbrief**: Lees in die week se nuusbrief meer oor die inhoud van die **Kerkbode van *2 Augustus***…
- **Uit die Beek 2020** – **'n Spesiale voorverskyningsaanbod!** Aanbod slegs beskikbaar tot 8 Augustus!
  Gewone prys: R195.00. Bespaar 15% en betaal R165.00.
  Vanjaar verskyn die klassieke *Uit die Beek* weer uit die pen van die bekroonde skrywer Barend Vos. Die tekskeuse vir elke dag is op die Revised Common Lectionary gebaseer. Dit maak hierdie geliefde Bybelse dagboek soos altyd geskik vir persoonlike stiltetyd, vir huisgodsdiens en vir Bybelstudiegroepe. Mag hierdie jaar vir jou 'n besondere tyd van geestelike groei wees, sodat jy die Here sal leer ken soos Hy werklik is. [Koop hier II Lees meer...]



Die goeie nuus vir gemeentes is dat Bybel-Media hierdie gewilde dagboek – Uit die Beek 2020 – met 'n uitstekende afslag aanbied.Adverteer hierdie aanbod in jou gemeente en moedig jou gemeentelede aan om hierdie geestelike toerusting in 2020 te gebruik

Inligting en navrae: Skakel 0860263342 óf 021-8648210 / e-pos bestel@bmedia.co.za / of besoek www.bybelmedia.org.za.

CLF: CLF stel graag aan julle ons nuwe innoverende debietorderprogram bekend. **Lees asb. die skrywe**. Kyk ook gerus na die verduidelikingsvideo hier > https://youtu.be/JCtE80hAq38. Indien u enige vrae het, kontak gerus vir Ina Willemse (kontak inligting in aangehegte skrywe). Die CLF/Helpcor Trust brosjure en video is ook op ons web-tuiste beskikbaar > https://clf.co.za/donations/
Inligting en navrae: Skakel 021-8643707 / of besoek www.clf.co.za.

Gebedslys

*Hiermee **'n vriendelike uitnodiging aan ons lesers** om enige **sake vir voorbidding** aan ons te stuur by hermien@noordsin.co.za.*

- Akkute droogte in dele van die Noord-Kaap, veral Boesmanland.
- Ringsittings.
- Vrouemaand.

Proponente en ander vakatures

❖ **Stellastraat** : **Vakature - Musiekleierpos**
Verantwoordelikhede: Die persoon sal deel uit maak van die gemeente se groter musiekbedieningspan
Sluitingsdatum vir aansoeke: *7 Augustus 2019*
Vir meer inliging kontak vir Fay van Eeden (faycve@gmail.com). [Lees hier meer…]

❖ **Quaggapoort**: **Vakante pos - Orrelis**
* Die NG Gemeente Quaggapoort in Wespark, Pretoria, het 'n vakante pos vir 'n orrelis. Hierdie is 'n deelpos - die orrelis se dienste word net vir oggenddienste benodig; daar is tans 'n orrelis vir aanddienste, dienste in die week en begrafnisse.
* U sal per speelbeurt vergoed word, en ook 'n dienskontrak aangebied word.
* Die gemeente is bekend met liedere uit die Liedboek, en maak soms gebruik van Vonkk en Flam, selfs nog soms 'n Halleluja-lied of twee.
* Die kerkgebou beskik oor 'n 2-manuaal RP Müller pyporrel, wat minstens 3 keer per jaar gestem word, maar wel effense groter herstelwerk benodig. Die orrel is wel speelbaar, en word permanent gebruik vir begeleiding.
* Die suksesvolle kandidaat moet so spoedig moontlik diens kan aanvaar.
Vir navrae of aansoeke: Kontak vir Anthony by 0834751919, of stuur 'n epos na ngkquaggapoort@gmail.com.

❖ **Vakature**: **Bestuurder van die Sinodale Kantoor – NG Kerk Sinode Hoëveld**:
'n Pos is beskikbaar vir die Bestuurder van die Sinodale Kantoor, Gladiatorstraat 56, Rhodesfield, Kemptonpark.
- Lees hier meer…

Kontakbesonderhede:
Rig navrae aan dr AL Bartlett *andre.bartlett@up.ac.za* en stuur CV's aan *pa@ngkhoeveld.co.za*
Sluitingsdatum vir aansoeke: *16 Augustus 2019*
Datum van aanstelling: ***1 Oktober 2019*** of so gou moontlik beskikbaar.

❖ **Vakature**: **Uitvoerende Amptenaar van Vennote in Getuienis - NG Kerk Vrystaat:** Vennote in Getuienis is 'n Bediening van die NG Kerk Vrystaat. Gelegitimeerde leraars in die NG Kerkfamilie word uitgenooi om vir dié pos aansoek te doen.
- Lees hier meer**...**
- Die **sluitingsdatum vir aansoeke** is Vrydag ***30 Augustus*****.**

❖ **UP Fakulteit Teologie**:
★ **Gelegitimeerde proponente 2016**
Eddie Brown [082 305 3972, malmaneddie@gmail.com]
Berenice Esterhuyzen [072 794 5928, aesterhuyzen@clinix.co.za]

★ **Gelegitimeerde proponent 2018**
Freddie de Lange [071 483 8798, freddiedelange@yahoo.com]
Marthiens Heymans [heymarthiens@gmail.com]
Nienke Kemm [079 515 4156, Nienke.kemm@gmail.com]
Erick Mulder [076 253 5825, mulder.erick@gmail.com]
Natalie-Ann van Deventer [076 187 7249, natsvd8@gmail.com]

❖ **Ander gelegitimeerdes wat beskikbaar is om eredienste te lei**
Gerhard Bothma *[082 412 3479, gerhard@drgerhardbothma.co.za]*
Jan Cloete *[083 232 8708, jancloete26@telkomsa.net]*
Ernst Muller *[082-656-1107, gaius117@gmail.com]*
Bertus Olivier *[082 224 6242, oli4@axxess.co.za]*

Ockie Raubenheimer *[076 155 0929, raubenheimer.ockie@gmail.com - Ook beskikbaar vir aflos gemeentebediening]*
André Smuts *[072 148 6718, sasmuts@gmail.com]*
Lizette Viviers *[082 451 4049, lizetviviers@gmail.com]*

Ten slotte

Leef voluit in elke oomblik…

BYLAES

Stellastraat : Vakature
Musiekleierpos

Verantwoordelikhede: Die persoon sal deel uit maak van die gemeente se groter musiekbedieningspan en sal verantwoordelik wees vir die volgende:

- Lei sang tydens aanddienste vir ‘n maksimum van 28 Sondae per jaar;
- Die kies van toepaslike liedere vir die aanddienste, in samewerking met die predikante;
- Verantwoordelik vir die samestelling van die begeleidingsgroep (band) vir aanddienste, verhoudingsbou met musikante en administratiewe reëlings rondom oefeninge;
- Help met die opstel van klanktoerusting voor en na aanddienste.

Werksure: Die pos vereis dat die persoon op Sondae middae beskikbaar moet wees vir oefening met die begeleidingsgroep en voorbereiding vir die aanddiens (ongeveer 5 ure per Sondag).

Vergoeding: Sal onderhandel word.

Sluitingsdatum vir aansoeke: *7 Augustus 2019*

Vir meer inligting kontak vir Fay van Eeden (faycve@gmail.com).

`n Kort CV en motivering kan gestuur word na admin@stellastraat.co.za. Kandidate moet asb vanaf 12-13 Augustus beskikbaar wees vir onderhoude/oudisies. ‘n Kortlys van kandidate mag gevra word om in Augustusmaand by ’n aanddiens te speel. Die Kerkraad behou die reg om nie ‘n aanstelling te maak nie.

Terug

Vakature:
Bestuurder van die Sinodale Kantoor – NG Kerk Sinode Hoëveld

’n Pos is beskikbaar vir die Bestuurder van die Sinodale Kantoor, Gladiatorstraat 56, Rhodesfield, Kemptonpark.

Pligte:
Die Bestuurder is verantwoordelik en aanspreeklik teenoor die Sinodale Dienskommissie vir die administrasie van die beleide wat die SDK gemaak het of geag gemaak te wees onder die beheer van die SDK en:

- oefen algemene toesig oor die sake van die Sinodale Kantoor uit;
- vestig en handhaaf 'n doeltreffende en effektiewe bestuurstruktuur vir die Sinodale Kantoor;
- hou as rekenpligtige amptenaar toesig oor die administratiewe en finansiële sake van die Sinodale Kantoor en bestuur dit met deursigtigheid;
- raadpleeg alle strukture van die SDK en adviseer dit dienooreenkomstig;
- hou toesig oor die versorging van die eiendom van die Sinode; en
- handhaaf 'n behoorlike standaard van dissipline vir personeel binne die Sinodale Kantoor.

Posvereistes: Minstens ’n B-graad met ’n bewese rekord van bestuur en administrasie.
Salaris: Onderhandelbaar tot die maksimum TKVI van die boonste kerf van die Algemene Sinode se riglyne vir ’n predikant se vergoedingspakket.
Kontakbesonderhede: Rig navrae aan dr. AL Bartlett andre.bartlett@up.ac.za en stuur CV’s aan pa@ngkhoeveld.co.za
Sluitingsdatum vir aansoeke: *16 Augustus 2019*
Datum van aanstelling: ***1 Oktober 2019*** of so gou moontlik beskikbaar.
Die SDK hou die reg voor om nie ’n aanstelling te maak nie.

Terug

Vakature:
Uitvoerende Amptenaar van Vennote in Getuienis NG Kerk Vrystaat

Vennote in Getuienis is ‘n bediening van die NG Kerk Vrystaat. Gelegitimeerde leraars in die NG Kerkfamilie word uitgenooi om vir die pos aansoek te doen.

Die fokusse van die pos:
a. Missionale transformasie van gemeentes
b. Missionale diakonaat
c. Multikulturele bediening
d. Ekumeniese samewerking en publieke getuienis
e. Nuwe en bestaande vennootskappe met susterkerke
f. Kommunikasie
g. Administrasie

Vergoeding en voordele: Volgens Algemene Sinodale riglyne.

Aansoek: Aansoeke moet vergesel word van die volgende:
a. ‘n CV nie langer as drie bladsye, met kontakbesonderhede van ten minste twee verwysings.
b. ‘n Bondige voorlegging van maksimum twee bladsye waarin die aansoeker uiteensit hoe hy/sy beoog om aandag te skenk aan die energering en ontwikkeling van gemeentes se missionêre aard en roeping.
c. ‘n Kort opsomming van die aansoeker se ervaring en betrokkenheid by die missionaliteit van die kerk.

Stuur **volledige aansoeke** aan Karisma du Pisanie, e-pos adres: missie@ngkvs.co.za

Sluitingsdatum: ***30 Augustus 2019***, met diensaanvaarding wat onderhandel sal word.

Navrae:
Ds Fanie Spamer (Voorsitter) - 076 123 1542
Karisma du Pisanie - 051 406 6729

Terug

SAKOV en VONKK 2019: Uitnodiging

Gerig aan: Aller leraars, orreliste, musiekleiers, aanbiddingsleiers, koorleiers en enige ander belangstellendes

Datum: Saterdag, ***14 September***
Tyd: Registrasie 07:45 – afsluiting 15:45
Plek: Endlersaal by die Konservatorium vir Musiek, Universiteit van Stellenbosch en ook by ander kerkgeboue op Stellenbosch.
Inskrywings: Sluitingsdatum vir inskrywings is *15 Augustus*.
Navrae: Vir enige verdere navrae, kontak Pieter van den Berg van VONKK by 072 041 3954 of vir Johann Enslin van SAKOV by jenslin@hugenoteskool.co.za

Die SAKOV en VONKK-byeenkoms se program sluit onder meer die volgende in…
Algemene inligting oor VONKK se musiek, ons webwerf, werksaamhede en produkte vir gemeentes, asook die praktiese bekendstelling van VONKK se musiek. Ons gee spesifiek aandag aan die VONKK-psalms, klassieke liedere, en die meditatiewe en kontemporêre liedere. Ons wil diegene teenwoordig ook laat proe aan ons heel nuutste VONKK-liedere. Om die VONKK-liedere bekend te stel, gaan ons ook baie van die liedere saam sing, sodat mense kan hoor hoe die liedere klink. Daar is ook aparte sessies vir orreliste en instrumentale begeleiers waarin ons vir hulle praktiese leiding en hulp tov die begeleiding van die VONKK-liedere wil gee.

VBO punte: Leraars van die NG Kerk en NH Kerk wat die geleentheid bywoon, sal vir 8 VBO-punte kwalifiseer.
Koste: Die koste vir die SAKOV en VONKK-byeenkoms beloop R200 en sluit kursus- materiaal, eet- en drinkgoed in. Ingeskrewe SAKOV-lede betaal slegs R150
Inskrywings: Inskrywingsvorms en die volledige program is beskikbaar op die tuisblad van VONKK se webwerf (heel regs) www.vonkk.co.za en Facebook blad https://www.facebook.com/VONKK/ OF kan per epos aangevra word by vonkkmusiek@gmail.com.

Terug

CLF se nuwe innoverende debietorderprogram

Beste NG Kerk-familie

Die uitdaging om nuwe bronne van inkomste vir CLF, die Christelike Lektuurfonds te vind is in vandag se ekonomiese landskap, nog moeiliker.
Statistieke toon dat besteebare inkomste krimp en die kompeterende nie-winsgewende organisasies by die dag vermeerder, wat die uitdaging om nuwe donateurs se harte vir CLF se missie en bedieninge te wen, daagliks groter maak.
Daarom het die Christelike Lektuurfonds verskeie inisiatiewe ondersoek om CLF se volhoubaarheid te bevorder en CLF in staat te stel om voort te gaan om die Boodskap van die Bybel deur gratis en bekostigbare literatuur aan mense te bring.
CLF werk saam met die Helpcor Trust, ’n NPO wie se uitsluitlike doel dit is om fondse in te samel en te voorsien aan NGO’s/NPO’s. CLF het daarom as ’n begunstigde by die Helpcor Trust geregistreer. Die Helpcor Trust / ENGO Vrystaat is ook ’n goedgekeurde Artikel 18A organisasie, wat vir u as donateur belastingvoordelig is.

Ons nooi u hiermee uit om deel te word van die oplossing

Enige individu of instansie kan ’n bydrae lewer deur ’n debietordervorm te teken en dan ook ander te inspireer om betrokke te raak by die werwing van fondse vir die Christelike Lektuurfonds.
Vir elke debietorder wat u werf kry u ’n kontant-terug-bonus, gebaseer op die maandelikse debietorderbedrag, om dankie te sê. Daar is drie tipe bonusse:

Brons Bonus: Fondswerwers verdien brons bonus wanneer hulle self iemand gekry het om ook ’n debietorder ten gunste van CLF te teken. 3% van hierdie debietorder word as ’n kontant-terug-bonus uitbetaal aan die fondswerwer. Daar is geen beperking op die hoeveelheid mense wat op hierdie manier gewerf word nie.

Silwer Bonus: Fondswerwers verdien silwer bonus wanneer die persoon wat deur hulle gewerf is ook ander kry om betrokke te raak by die saak deur debietorders te teken. 5% van hierdie debietorders word as 'n kontant-terug-bonus uitbetaal aan die oorspronklike werwer. Daar is ook geen beperking op die hoeveelheid mense wat so gewerf kan word nie.
Goue Bonus: Goue bonus is die hoogste bonus wat 'n fondswerwer kan bereik. Dit gebeur wanneer die persoon wat deur hom/haar gewerf is silwer bonus bereik. Die oorspronklike fondswerwer se kontant-terug-bonus is 7% van elke debietorder wat deur sy silwer fondswerwer gewerf is. Sy kontant-terug-bonusse is steeds 3% vir persone gewerf op Brons bonus en 5% vir persone gewerf op Silwer bonus asook verdere 7% en totaal van 15%. Weereens is daar geen beperking van die hoeveelheid mense wat graag betrokke wil raak op hierdie manier nie.

Die fondswerwer sal ook elke jaar 'n IT3 sertifikaat ontvang vir inkomste-belastingdoeleindes.

Indien u 'n bestaande donateur van CLF is, het u nou twee opsies, naamlik:

1. Om voort te gaan met u huidige donasie bydrae (welke dit per debietorder is of ad hoc direkte inbetaling), of
2. Om op die nuwe debietordervorm aan te dui dat u wil oorskakel na die "gedifferensiëerde debietorderprogram" en wil deel uitmaak van 'n netwerk mense wat fondse vir CLF werf.

"Ek wil deel wees van die oplossing!" Indien dit u antwoord is, wonderlik en baie dankie!

Voltooi die debietordervorm in die CLF/Helpcor Trust brosjure, merk "Ja, Ek wil betrokke raak by die gedifferensiëerde debietorderprogram", skeur die vorm af en pos dit aan CLF vir aandag Ina Willemse.
Indien u navrae het kontak gerus vir Ina Willemse by 021 873 7134 of stuur 'n e-pos aan ina@clf.co.za.

Terug